

# HOËR VOLKSKOOL GRAAFF-REINET GRAAD 9 Bladsy 1 van 8

## Werk vir week 10-14 Augustus 2020

**Dinsdag 11 Augustus** Hier is die memoranda van die werk wat julle voor die vakansie moes doen. Merk asb jou werk en korrigeer enige foute.

### OEFENING 1

#### Bywoorde:

Byvoorbeeld – Ek het gisteraand goed geslaap.

Gisteraand – bywoord van tyd

Goed – bywoord van wyse

1.1 Die donkies draf vinnig voor die karretjie.

Vining - bywoord van wyse

1.2 Ek wil oormore bank toe gaan.

Oormore – bywoord van tyd

1.3 Die boewe loop tergend stadig na die dorpsplein terwyl die skare hulle honend uitjou.

Tergend – bywoord van wyse

Honend – bywoord van wyse

1.4 Die teer het vreeslik gestink en klein donsveertjies het oral rondgewaai.

Vreeslik – bywoord van wyse

Oral – bywoord van plek

1.5 Die bankklerk was so verskrik dat hy onsamehangend - bywoord van wyse

onsamehangend - bywoord van wyse

vertel het hoe die boewe hom vanoggend

vanoggend - bywoord van tyd

onverhoeds betrap en hardhandig rondgeruk het.

onverhoeds – bywoord van wyse

Hardhandig – bywoord van wyse

2. Kies die regte bywoord uit die lys om die onderstaande sinne te voltooi:

2.1 Die gasheer verwelkom die gaste *hartlik*.

2.2 Die mense het *besonder* lekker geëet.

2.3 Die gehoor luister *aandagtig* na die toespraak.

2.4 Hoeveel van die insitendes is *nodlottig* beseer?

2.5 Die wedstryd begin *stiptelik* om drie-uur.

2.6 Die komitee het *eenparig* besluit om deel te neem.

2.7 Die akteur is *internasionaal* bekend.

2.8. Gaan die toneelstuk ook *plaaslik* opgevoer word?

2.9 Die geskokte vrou praat *onsamehangend*.

2.10 Die toeskouers moedig die atlete *luidkeels* aan.



### OEFENING 2

Een woord vir 'n omskrywing. Vervang die woorde tussen hakies deur een woord, byvoorbeeld:

Die (man wat miljoene besit) is tans oorsee. Die **miljoenêr** is tans oorsee.

2.1 Die **premie** beloop R200.

2.2 Die **moskee** is in Caledonstraat.

2.3 Die **pasifis** is baie ontsteld oor al die geweld.


2.4 Die skip se **patryspoorte** kan nie oopmaak nie.



## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 2 van 8

2.5 Die **draadsitter** verkies om nie te stem nie. 2.6 Die **weduwee** kry baie swaar.

2.7 Die **personeel** hou vanoggend vergadering.



2.8 My **kollega** is vandag olik. 2.9 Ons hou van antieke **meubels**. 2.10 Ek haat dit om **breekgoed** te was.

2.11 Die **eetgerei** kom in die boonste laai.

2.12 Die **vee** kom saans kraal toe.

2.12 Die **pluimvee** se voer is op.

2.13 Die **toeriste** was baie beïndruk.

2.14 **Lekkergoed** is sleg vir jou tande.

2.15 Die winkel se **gebak** is baie smaaklik.

**MEMORANDUM: BEGRIPSTOETS:** Drama bls. 108 en 109 in jou Platinum TAALhandboek. Vrae op bl. 109 nrs. 3-7; 9-12; 15-16.

3. Innerlike gevoelens. Sy begin met die woorde “onrustigheid in my” en later “iets **binne-in** my sê”

4. Hy dink dat die fiksie in boeke té ‘n groot rol in haar lewe speel.

5. Toordery, heksery, die bose

6. Die “pot” in “Potter” – die hoofstuk handel oor potte.

7. Ja, dit is oortuigend, want mens kan haar in jou verbeelding sien.



9. Ja. Hy doen nie moeite om behoorlik te verduidelik nie, sé “Ai, Maaa!”.

10. Hy is onbewus van sy ma se aanname dat hy met toordery of heksery en bose goed deurmekaar is.

11. Sy vermoed altyd die ergste en glo nie maklik ander mense nie.

12. “net”

15. Stereotipes

16. Madri het die ergste verwag en vermoed haar kind het met heksery en verkeerde goed deurmekaar geraak. So ‘n mens raak op hol en dan kom dit uit dat hy net geëksperimenteer het om potlode te maak, wat heel onskuldig is.

### OEFENING 3: Blokkiesraaisel

Dwars:

3. klein - piepklein  
4. wit - spierwit  
7. gelukkig - dolgelukkig  
13. skoon - silwerskoon  
16. soet - stroopsoet  
17. leeg - dolleeg  
18. hard - kliphard  
19. beroemd - wereldberoemd  
20. warm - snikwarm / rooiwarm / vuurwarm

AF:

1. hoog - hemelhoog  
2. ryk - skatryk  
5. alleen - stoksielalleen  
6. doof - stokdoof  
8. lewendig - springlewendig  
9. arm - brandarm  
10. rooi - noodrooi  
11. lelik - skreeulelik  
12. siek - doodsiek  
14. glad - seepglad  
15. helder - glashelder

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 3 van 8

### MEMORANDUM: Suurlemoen! Hfst 38 – 41

#### Hoofstuk 38

1. Die titel is “Uitgeplug”. Uitgeprop beteken dat daar nie krag is nie en elektriese goed dus nie kan werk nie en vir Tiaan voel Liezl se besluit om te onttrek, dat dit die einde van die orkes beteken – dit sal nie sonder haar werk nie. (“Unplugged music” verwys na orkeste wat sonder elektriese instrumente musiek maak.)
2. Sy bel om te sê dat Liezl uit die orkes bedank het.
3. Die titel van die hoofstuk verwys na die suurlemoen met die elektriese draad op die plakkate wat hulle by die skool opgesit het. Dit voel vir Tiaan of Liezl se besluit die draad uitgeprop het en die orkes dus nie meer kan werk nie.

#### Hoofstuk 39

1. Hulle sê daar was “kreatiewe verskille”.
2. Baie orkeste wat opgebreek het, het nooit weer bymekaar gekom nie. Hulle is nie die eerste nie en sal ook nie die laaste wees nie. Dit laat hom dink daar is nie hoop vir hulle nie. As suksesvolle orkeste tot niet kan gaan, kan ‘n beginnerorkes soveel makliker tot niet gaan.

#### Hoofstuk 40.

1. Hy meen dan sou hy en Zane nog vriende gewees het.
2. Hy sê vir hulle dit is aaklig as ‘n orkes opbreek, maar soms is dit beter as om heelyd die lewe vir mekaar moeilik te maak. Hy vra nie ‘n verduideliking nie en sê die rede is hulle saak. Hy sou vir die skoolhoof sê hulle kan nie meer by die dramaopvoering speel nie en hulle moet die organiseerders laat weet dat hulle onttrek. Hy vra ook die oefenkamer se sleutel terug.

#### Hoofstuk 41.

1. Psycho is ‘n afkorting van die Engelse woord “psychological” wat op Afrikaans sielkundig beteken. As iemand “psycho” is, het hy dus ‘n sielkundige probleem, of platweg gestel, hy is mal.
2. Hy loop met ‘n mal idee rond en is bang mense vind daarvan uit voordat hy dit kan uitvoer. Hy wil nie hê die ander mense in die skool moet dink hy is mal nie.
3. Hy is op pad na die vertrek waarvandaan die radiostasie uitsaai.
4. Hy vra hulle moet hom help.

### Woensdag 12 Augustus : Poësie – Klara Majola – D.J. Opperman

Hierdie gedig wys hoe ‘n goeie digter met min woorde nie net ‘n hele storie kan vertel nie, maar dit ook met emosie belaa. Die digter het ‘n klein koerantberiggie raakgelees wat hom diep aangegryp het en ‘n gedig laat skryf het. (Sien foto langs die gedig, die laaste kolom heel regs)

Die skrywer Dana Snyman het die storie gaan navors en hier volg sy weergawe:

*”Naby Prince Alfred Hamlet is daar ‘n plaas met die naam “Die Eike”. Op hierdie vrugteplaas het, in die winter van 1950, ‘n agtjarige dogtertjie verklum toe sy na haar blinde pa gaan soek het. Sy, haar ouers, vyf susters en ‘n broer was arbeiders op die plaas en hulle van was nie Majola nie, maar Jansen. Klara se regte naam was ook nie Klara nie, maar Violet. So vertel Klara se bejaarde ouer suster Nan aan Dana. In dié omgewing, waar*

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 4 van 8

*byname gedy, was Klara se pa bekend as Majola. Klara Majola was dus byname. Makliker om te onthou, omdat almal Afrikaans gepraat het.*

*Nan was tien jaar oud toe die tragedie gebeur het. Hulle pa het vantevore blind geword en hy en sy gesin het nog aangebly op die plaas. Hy het gehelp met los werkies en het graag hout gaan soek vir vuurmaak. Hy het die plaas baie goed geken. Die betrokke koue wintersdag het hy weer gaan hout soek en lank weggebly. Klara het na hom gaan soek en hulle het mekaar misgeloop. Haar pa het later tuisgekom. Dit het begin reën en sneeu en dit het baie koud geword.*

*Die volgende môre het hulle haar naby 'n spruit gekry. Sy was reeds verkluum.*

*Sy is in die kerkhof op die plaas begrawe. Op die sementsteen staan: Klara Majola. Gebore: 14.6.1942. Gesterf: 26.7.1950."*

(Bron: <https://rietteroos.wordpress.com/2010/05/30/klara-majola-d-j-opperman/>)

### Klara Majola – D.J. Opperman

- 1 Klara Majola wou haar vader toe die skemer sak, gaan haal waar hy, die blinde, hout vergader; maar Klara Majola het verdwaal.
- 5 Klein Klara Majola lê verkluum in die Bokkeveld se bros kapok, haar arms en bene bruin en kromgetrek soos wingerdstok.
- 9 Klara Majola, die koue geweld sif stadiger oor my uit die ruim, maar nooit sal ek in die Bokkeveld so warm, Klara Majola, soos jy verkluum.



### OPSOMMING :

Strofe 1 :Klara het haar blinde pa gaan soek, maar het self verdwaal.

Strofe 2: Klein Klara het verkluum. Haar liggaam was kromgetrek.

Strofe 3 : Die spreker bewonder Klara wat so 'n warm hart gehad het.

**DIE BOU VAN DIE GEDIG.** Die gedig bestaan uit 3 strofes.

Elke strofe bestaan uit vier versreëls = **kwatryne**. In die eerste twee strofes vertel hy Klara se storie en in die laaste strofe pas hy haar lewe op syne toe, amper soos wat in 'n sonnet gebruiklik is. ('n Sonnet moet egter 14 reëls hê en hierdie een het net 12 !)

**RYMSKEMA** : **abab** = Kruisrym. Heelwat assonansie en alliterasie kom in die gedig voor.

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 5 van 8

### BEELDSPRAAK EN VERSTEGNIESE ASPEKTE:..

Strofe 1 : • Daar is geen komma of punt aan die einde van sommige versreëls nie sodat die reël onverpoosd oorloop in die volgende een in. Dit verdoesel (steek weg) die rym en help om 'n vloei aan die gedig te verleen. = **enjambement**.

• Kyk na die woorde “gaan” en “haal” in reël 2. Die -aa-klank (vokale) word in hierdie en 'n hele paar ander woorde in strofe 1 herhaal = **assonansie**. Die gebruik van so baie lang vokale vertraag die tempo van die strofe.

Strofe 2 • Kyk na die woorde “Klein”, “Klara” en “verkluum” in reël 5. Die kl- klank ( konsonante) word herhaal = **alliterasie**. Dit versterk die effek van die koue soos klappertand bibberend..

• Haar bene en arms was “kromgetrek soos wingerdstok”. Dis 'n voorbeeld van beeldspraak , naamlik 'n **vergelyking** omdat die bene en die arms soos 'n krom wingerdstok lyk.

Strofe 3 • Die koue geweld verwys letterlik na die sneeu wat mense se dood kan veroorsaak, maar die spreker verwys nou figuurlik na die kilheid van die wêreld wat net so dodelik kan wees. Die Bokkeveld is letterlik 'n landstreek waar die winters baie koud is, maar word hier figuurlik die koue, onpersoonlike wêreld waarin die spreker meen as hy Klara se warmte van geaardheid gehad het, hy sou kon oorleef. Bokkeveld word dus hier 'n **metafoor**.

- Die woord ruim (reël 10) in hierdie sin is verouderd en ons sou vandag eerder van ruimte of hemelruim praat, maar dit pas om met verkluum te rym.
- Kontras/ teenstelling is woorde met teenoorgestelde betekenis, byvoorbeeld koud en warm. Dit verleen meer trefkrag. Die kontras is ook nie net tussen koud en warm nie, maar ook tussen die spreker en Klara Majola.
- Herhaling – let op hoeveel maal die woorde “Klara Majola” herhaal word. Eendersyds beklemtoon dit haar naam, maar andersyds bring dit 'n eenheid in die gedig.

### Opdrag:

Lees nou weer deur die gedig en beantwoord die volgende vrae.

1. Die volgende sinne is op bostaande gedig gebaseer. Kies telkens 'n woord uit die blokkie om die sinne te voltooi.

omarmde

kwatryne

koeplette

kruis

Die gedig bestaan uit drie ....1.1....., wat elkeen uit vier versreëls bestaan.  
Daar kom...1.2.... -rym in elke strofe voor.

2. Watter tyd van die dag wou Klara haar vader gaan haal? Haal slegs een woord as antwoord aan.

3. Waar speel die gebeure in die gedig af?

4. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Klara se pa kon nie sien nie.

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 6 van 8

5. Voltooi: Verkluum beteken dat die mens van ..... sterf.
6. Gee 'n sinoniem vir die woord kapok in die gedig.
7. "haar arms en bene bruin en kromgetrek soos wingerdstok"
  - 7.1 Benoem die beeldspraak in die uittreksel.
  - 7.2 Watter twee dinge word met mekaar vergelyk?
8. "...die koue geweld" (reël 9) Gee die figuurlike betekenis van die aanhaling.
9. Haal 'n voorbeeld van kontras uit strofe 3 aan.
10. Kies die beskrywing in Kolom B wat by die voorbeeld in Kolom A pas. Skryf telkens slegs die vraagnommer en die letter van die antwoord van jou keuse neer, bv. 10.1 - C.

### Kolom A

- 10.1 "gaan haal waar hy" (reëls 2 en 3)
- 10.2 "in die Bokkeveld se brose kapok" (reël 6)
- 10.3 Klara Majola het verdwaal (reël 4)
- 10.4 Bokkeveld (reël 11)

### Kolom B

- A. Alliterasie
- B. Assonansie
- C. Metafoor
- D. Enjambement

(Bron: Lesplan: Wes-Kaapse Onderwysdepartement)

**Donderdag 13 Augustus : TAALLEER:** Bestudeer die volgende:

## WOORDSOORTE: Voegwoorde

### SOORTE:

#### 1. Neweskikkende voegwoorde

**en; want; maar, of**

(Na die voegwoord verander die woordorde nie)

- lei newegesikte hoofsinne, dit wil sê sinne wat gelykwaardig is, in bv.  
*Jy mag gaan flik of gaan swem.*
- verbind ook naamwoorde bv.  
*kat en muis; lank, maar vet; ongeskik of ontaktvol*

#### 2. Onderskikkende voegwoord

Dat; nadat, voordat; totdat; sodat; omdat, as, aangesien, mits, tensy, indien, alhoewel

- veranderde woordorde volg na dié voegwoorde – die eerste werkwoord van die tweede sin skuif na die einde van die sin:.

a. Die kinders het toets geskryf. Die kinders het geleer.

Die kinders het toets geskryf nadat hulle geleer het. **OF**

**Nadat** die kinders geleer het, het hulle toets geskryf.

## Graaff-Reinet - Afrikaans Hoër Volksskool Huistaal Gr. 9 Bladsy 7 van 8

b. Sy doen die bedankings. Sy praat baie goed.

Sy doen die bedankings omdat sy baie goed praat. **OF**

**Omdat** sy baie goed praat, doen sy die bedankings.

### 3. Voegwoordelike bywoorde

Daarenteen, tog, derhalwe, daarom, dus, nieëenstaande, nogtans, nietemin, buitendien, gevolglik, alvorens, vervolgens

- bogenoemde kan ook bywoorde wees, maar word nou as voegwoorde gebruik.
- Veranderde woordorde volg na dié voegwoorde – die eerste werkwoord van die tweede sin kom direk na die voegwoord:

Die man is siek. Hy bly by die huis.

Die man is siek, derhalwe bly hy by die huis.

### **Leestekens**

- komma voor maar, want, dog
- NB: - leestekengebruik voor inteendeel en trouens verskil totaal van ander.

*\*Santie is nie lelik nie; inteendeel, sy is mooi.*

*\*Ek het gedink julle het verhuis; trouens, ons het almal so gedrink.*

NB: - voor dat en sodra – geen leesteken nie.

### **OPDRAG:**

1. Platinum TAALhandboek bl. 133 Vraag 1
2. PLUS doen die blokkiesraaisel op die laaste bladsy van die notas oor afkortings.


## **VRYPAG 14 Augustus: Prosa – Suurlemoen!**

Lees hoofstuk 42 - 43 (bls. 127 - 135 )

Doen die volgende vrae oor hierdie hoofstukke in jou letterkundeskryfboek.

### **Hoofstuk 42:**

1. Wat doen Tiaan by die radiostasie?
2. Wat probeer Tiaan met die gyselaarsdrama regkry?
3. Hoekom gebruik hy die radiostasie?
4. Wat wil Tiaan hê die ander lede van die groep moet doen?



5. Wat sê Tiaan oor die mikrofoon nadat hy die briefies gelees het?

**Hoofstuk 43:**



1. Wat dink Tiaan het die organiseerders laat besluit om Psycho Bob en Willem as seremoniemeesters aan te stel?
2. Wat is die verskil tussen *Romeo and Juliet* en *Titanic*?
3. Watter liedjie speel Tiaan-hulle eerste?



23

## AFKORTINGS

Voltooi die blokkiesraaisel deur die betekenis van die volgende afkortings te gee.



**DWARS**

1. Ma.
6. ww.
8. tel.
9. mej.
11. ds.
12. bv.
14. asb.
15. nm.
17. vlg.

**AF**

2. antw.
3. TV
4. nr.
5. ens.
7. dr.
9. mnr.
10. kg.
- 12.bl.
- 13.Afr.
- 14.Apr.
- 16.w.

